# SONDAGSKOOL LES - Om op God te wag

**Doel van les:**

- Om op God te wag is 'n Bybelse beginsel en iets wat alle jeug nodig het om te leer.

**Ysbreker:**

- **Uitdagings:** Gee vir elke groep 'n blaai. Hulle moet 'n lys maak van uitdagings wat vandag se tieners het, wat van hulle vereis om te wag. Wat is die die toetse, eise, moeilikhede wat tieners forseer om te wag?

**Kry terugvoering.**

**Meer as 50 jaar terug het navorsers by Stanford Universiteit 'n studie op voorskoolse kinders gedoen wat bekend staan as die "Marshmallow test." Hulle is in 'n kamer gesit en 'n malvalekker gegee. Hulle is gesê dat as hulle 15 minute kon wag en nie die malvalekker eet nie, sou hulle nog een kry. Sou hulle die eerste malvalekker eet voor die 15 minute om is, sou hulle nie die tweede een kry nie. Hulle het die kind dan alleen in die vertrek gelos met die malvalekker en 'n versteekte kamera en het gewag. Slegs omtrent 1/3 van die kinders was bereid om te wag. In die daaropvolgende jare het die navorsers gekyk hoe dit met die kinders gaan en hoe hulle vaar in die lewe. Die wat kon wag, was ook meer suksesvol in die lewe as die wat nie kon nie.**

Daar is clips op Youtube waar die studie herhaal is. Daar was 3 soorte kinders in die studie:

- Die wat geduldig gewag het;
- Die wat die malvalekker omtrent dadelik geeet het of na 'n rukkie;
- Die wat so na as moontlik probeer kom het aan die lekker eet sonder om 'n happie te vat. (Hulle het die lekker gelek, aan dit geknaag en dit uitgehol en gehoop niemand kom agter nie.)

In die studies is bevind dat die kinders wat kon wag:

- Beter punte op skool behaal het;
- Verder studeer het;
- Minder geneig was om oorgewig te wees.

**Maak dit geestelik:**

Watter groep kan die langste lys van karakters in die Bybel maak wat op God moes wag?

Lees in die groep Hebreers 11:1-40.

Daar is baie, baie karakters in die Bybel wat moes wag vir baie jare op 'n belofte om tot vervulling te kom wat God aan hulle gegee het. (Abraham, Josef in die tronk, die Israeliete in die woestyn, ens.)

Geestelike waarhede:

- Om op God te wag is nie maklik nie, maar wel die moeite werd;
- God se antwoord kom op Sy perfekte tyd;
- God se antwoord mag dalk nie wees waarvoor ons hoop nie, maar dis altyd die beste vir ons;
- Sy tydsberekening en antwoord is altyd beter;
- Om te wag, geduld en uithou is een van die sleutels tot die lewe;
- Onthou dat wanneer God jou vra om te wag, beteken dit iets beter is oppad.

**Maak dit prakties**

Kom ons gaan terug na die lys van uitdagings wat julle aan die begin gemaak het.

1. Wat maak om te wag vir hierdie dinge moeilik?
2. Wat maak dit makliker om te wag?
3. Hoe verander 'n ervaring met God die manier waarop 'n persoon op dinge wag?
4. Hoe kan jou verhouding met God jou help om die tye wat jy op Hom moet wag beter te hanteer?

**(As jy as groepleier 'n getuienis het oor hoe jy as kind van God al op Hom moes wag, kan jy die getuienis in die groep deel.)**

Sluit af in groepe met gebed.